

22 Januarie

Psalm 139:1-12

Geen plek waar God se regterhand nie bykom nie

Die Here ken ons gedagtes (verse 1-6), ons bewegings (verse 7-12), elke liggaamsdeeltjie (verse 13 -18) en kan ons daarom op die beproefde pad lei (vers 24). Die teenwoordigheid van God is soos 'n hand wat lei, 'n regterhand wat vashou (vers 10). Dieselfde kragtige hand waarmee die heelal geskape is, vyande vernietig word, ongehoorsame kinders van God getugtig word, is ook die hand van bewaring. Daar is geen plek waar God se kind kan wees waar sy hand nie kan vashou en lei nie.

Wat 'n groot troos is dit nie! Soms moet jy uit die beskerming van jou veilige woonplek. Dalk moet iemand vir 'n tyd na 'n hospitaal gaan. Familie reis op ver paaie, daar is selfs geliefdes wat ver buite die land se grense woon en werk. Vir elkeen - waar hulle ook al is, is daar die versekering: "ook daar ... hou u regterhand my vas".

Alhoewel God geen liggaam soos die mens het nie, want Hy is Gees, word sy teenwoordigheid in menslik bekende beelde beskryf. In Jesus wat in die menslike liggaam gebore is, is die liefdevolle hand van God aan die mense getoon. Hy het met ontferming die siekes aangeraak, kindertjies geseën, sondaars nader geroep om van verlossing te leer, en het seënend na die hemel opgevaar. Na Hom het die ander Trooster gekom, die Heilige Gees, wat aan geen plek gebonde is nie. Hy gaan van die Vader en die Seun uit om ter wille van God se verbondskind bewarend teenwoordig te wees.

Sing: Psalm 139:4

Dr. W.C. Opperman (Windhoek-Suid)